Die Voortrekkers

Transvaalse Voortrekkers

OOSTELIKE PENKOP- EN DRAWWERTJIEKAMP

KAMPBENODIGDHEDE vir 2019

Baie dankie dat jy vir OPD se 32ste kamp ingeskryf het. Bring asseblief die volgende saam:

Kommando bestuur: Stuur asseblief 'n kommandovlag of kommandovaandel saam kamp toe. Indien moontlik ook 'n oordvlag of oordvaandel met julle stokke.

1. Volledige Voortrekkerdrag (aktiewe drag, jean (blou), onderbaadjie en tekkies sal gebruik word vir vlagseremonies). Onthou 'n windjakker/warm baadjie (in Voortrekkerkleur) om by Voortrekkerdrag te dra. Dit kan baie koud word. Dit is belangrik dat die kinders die korrekte Voortrekkerdrag dra.
2. Slaapsak en kombers en/of kussing (**aande baie koud**).
3. Sweetpak en warm klere vir die koue aande. Gemaklike stapskoene , "tekkies".
4. `n Stel klere vir elke dag. (Dogters: nie toppies met bandjies oor skouers nie, son is warm).
5. Reënjas (opsioneel, behalwe **Kampeerder**: verpligtend).
6. Bordesakkie met bord, papbord (opsioneel), beker, eetgerei en afdrooglappie. Papierborde mag gebruik word.
7. Toiletsakkie met seep, tandeborsel, tandepasta, waslap, handdoek, kam of borsel, "**lipice" en sonbrandmiddel. (NODIG OMREDE KOUE WIND LIPPE BRAND)**
8. 'n Flits met een stel spaar batterye. (Opsioneel)
9. **Een 2L roomyshouer** graad 1 – 4. Almal **een pakkie koekies** met vulsel en **twee (2) rolle toiletpapier** wat by administrasie ingehandig word. Knope en Toeka handig hul bakke by hul kursus in.

SNOEPIE:
Penkoppe en Drawwertjies kan sakgeld saambring vir snoepie. Ouers moet asseblief nie meer as **R30-00** per dag gee nie. Plaas die totale bedrag in 'n gemerkte banksakkie/koevert met kind se naam en kursus op die banksakkie. Sakgeld word tydens registrasie by Kamp administrasie gebank.

MEDISYNE:

Indien medisyne na die kamp gebring word moet dit na registrasie by die Kampverpleegster ingehandig word. Die persoon aan diens sal sorg dat medikasie op die korrekte tye toegedien word. Merk asseblief die medisyne duidelik, sit elke dag se pille in banksak of pillehouer duidelik gemerk met kind se naam en kursus.

Indien u kind **baie allergies is vir bysteek** meld asseblief aan tydens registrasie met die nodige medikasie.

Maak asseblief seker die kampraad weet of u kind 'n ernstige siekte het, en hoe dit gehanteer moet word. Die inligting vergemaklik die versorging wat tydens die kamp aan u kind gegee moet word.

Die volgende word benodig soos per spesialisasie:

Graad 0 (Jakkalsies):

- 2 liter roomysbak om artikels in te pak
- Klein kussing
- Klein kombers (apart van die een waarin geslaap word)
- Inkleurpotlode
- stomppunt skêrtjie
- Pritt
- 2 Leë "bakedbeans" blikkie (papier af en blikkie mooi skoon)

Graad 1 Spele:

- 2 liter roomysbak om artikels in te pak
- Klein kussing
- Klein kombers (apart van die een waarin geslaap word)
- Inkleurpotlode
- stomppunt skêrtjie
- Pritt
- 2 Leë "bakedbeans" blikkie (papier af en blikkie mooi skoon)

Graad 2 Knope:

- 2 liter roomysbak om artikels in te
- Klein kussing
- Klein kombers (apart van die een waarin geslaap word)
- Inkleurpotlode
- stomppunt skêrtjie
- Pritt
- 2 Leë "bakedbeans" blikkie (papier af en blikkie mooi skoon)

Graad 3 Toeka:

- 2 liter roomysbak om artikels in te pak
- 2 liter leë koeldrank bottel – plastiek
- 2 bolle wol – 2 draad
- 10 cm x 10 cm stukkie skuurpapier
- 4 x 4mm x 30mm spykertjies
- 'n Nr 2.5/3.0 hekelnaald vir tolletjiebrei
- Kwassie vir materiaalverf
- Leë "bakedbeans" blikkie (papier af en blikkie mooi skoon) met 1 x 10cm lang spyker
- ½ koppie rys vir boontjiesak
- Vergrootglas
- 1 x skerp punt sosatiestokkie
- R2 grootte sleutelhouerringetjie
- ¼ meter ongebleikte linne vir boontjiesakkie en skinkbordlappie
- 3 x 2m, ½cm breë lint in enige kleur vir swepie
- ½ kers, een strooitjie en 1 rekkie
- 200g koekie seep

Graad 4 Anglo Boere Oorlog:

- 2 liter roomysbak
- Inkleurkryte, skêr, gom

Graad 5 Kampeerder:



- Tent en ekstra kombers (slaap daarin die hele kamp)

- Oorlogmannetjies (as jy het)
- Kettie (as jy het)
- Stel ou klere – vir kleilatgooi
- Indien moontlik ekstra stel Voortrekkerdrag vir uitstappies.

- Daar is ‘n moontlikheid dat ‘n kind nie in sy eie tent alleen gaan slaap nie.
- Aanteken boekie met pen/potlood
- Pakkie marshmallows
- Een koerant
- Flits met ekstra batterye
- Waterbottel
- Sonbrandmiddel
- 2 sakkie hout
- (LET WEL: kampeerders kan nie tente met ander kursusse deel nie)

Graad 6 en 7 Ruiterkuns:

- perdry hoed indien een kan kry (fietsryhoed werk nie)
- TEKKIES met veters. Verkieslik “Tomy”-tipe. Skerp punte haak aan die stiebeuels vas en bemoeilik perdry. Lang “tong” op ‘n tekkie haak ook vas.

"**lipice"** asook lospassende **langbroek** / LANG JEAN (nie jou seremonie jean of "skinny" jeans nie) om mee te ry (**NOODSAAKLIK**).

- Tent en ekstra kombers (slaap daarin die hele kamp)
- ‘n Knoop so groot soos ‘n R5 (enige kleur)
- ‘n Kussing om in die veld op te sit
- Lospassende langbroeke met lusse vir “belt” werk goed vir ruiterkuns.

Graad 6 en 7 Sterrekunde:

- Slaapsak, warm komberse, kussing vir buite onder sterre slaap (indien weer dit toelaat)
- Warm klere, mussie, handskoene – vir koue nagte onder die sterre.
- Kombers vir sterrepartytjie
- Skêr, pennesakkie met skryfbehoeftes soos vir skool.
- Verkyker gemerk met jou naam (**OP EIE RISIKO**)
- Slimfoon (as jy een het) gemerk met jou naam op (**OP EIE RISIKO**)
- Teleskoop (**OP EIE RISIKO**)

GEEN GROEN LASERS – dis sal gekonfiskeer word tot na die kursus.

Graad 6 en 7 Staptogte:

- 2 asblik sakke (swart sakke)
- 2x ziplocksakkies 170x220mm
- Koerantpapier, of slaap sponsie om op te slaap **(Natural Instincts Camp Handimat 10 mm)**
- 2 x 2 liter leë koeldrank bottels,
- Dun tou 5m **(1-2mm)**
- Dik nylon tou 5m **(6-8 mm)**
- 3m x 3m dik bouerplastiek (Builders Warehouse) kinders moet ‘n skuiling in die bos bou en daaronder slaap. **(Asbliksakke en dun oortrek plastiek gaan nie werk nie, onthou dit is winter)**
- Rugsak verkieslik tussen 45 liter tot 75 liter grootte **(’n Plastieksak of tas gaan nie werk nie. Kinders stap meer as 10km met die rugsak)**
- Gemaklike toe stapskoene/tekkies
- Ordentlike kouse **(Een dun en een dik paar per dag)**
- Flits met batterye verkieslik ‘n koplamp
- Waterbottel **(1-2 liters)**
- Reënjas
- Kop mussie, handskoene en warm klere
- Knipmes **(Mag slegs na knipmes veiligheids aanbieding gebruik word)**
- Kamp eetgerei
- Ordentlike slaapsak om in die veld te slaap **(Genoeg komberse en kussing)**
- “Space” kombers
- Sonbrandmiddel
- Tent met behoorlike tent penne - grond is baie hard **(Slaap daarin die hele kamp)**
- Skryfbehoeftes

Offisierbenodighede:

a. Kampstoel
b. `n Pak beskuit (Handig asb. by administrasie in)

c. 1 rol toiletpapier
d. Musiekinstrument
e. OPD serp (die wat het)
f. Aktiewe Voortrekkerdrag met onderbaadjie

BAIE BELANGRIK VIR ALLE JEUGLEDE WAT KAMP:

Jy mag geen waardevolle items (selfone, horlosies, juwele, tablette, ens) saambring kamp toe nie. Die kampraad neem geen verantwoordelikheid vir enige verliese of skade nie.

ALLES MOET GEMERK WEES!!!

Die kampraad is nie verantwoordelik vir enige verliese wat tydens die kamp gely word nie.